Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, March 30, 2023
Page: 26





# 'n Familie-sage: Trusts, die dood en onmin

**Die feite van 'n saak waarmee ek onlangs te doen gehad het, het as inspirasie vir hierdie rubriek gedien. Die belangrikste lesse is: Sorg dat alle dokumente, soos trustaktes, reg en hul inhoud duidelik is, en dat dit goed bewaar word. En maak voorsiening vir arbitrasie.**

Die patriarg van 'n familie en sy kinders het jare lank suksesvolle besighede, wat boerdery insluit, bedryf voor die patriarg enkele jare gelede oorlede is. Een van die trusts wat by die sage betrokke is, is net voor sy afsterwe verander om voorsiening te maak vir die wysiging van die begunstigdes om sy kinders, en ná hul afsterwe hul nageslag, in te sluit.

Die wysiging is onderteken en by die betrokke meesterskantoor ingedien, ondersteun deur die nodige resolusies en addendums, maar, helaas, die patriarg is oorlede enkele weke ná die indiening van die gewysigde dokumente. Dit beteken die wysiging is wel geldig, aangesien 'n trustakte niks anders as 'n kontrak is nie. Die magtiging om as trustees op te tree, was egter nog nie uitgereik nie en die nuut aangestelde trustee, 'n kind van die oorledene, kon nie as trustee optree nie.

Om alles te kroon, het die oorledene in sy testament 'n prerogatief uitgeoefen om begunstigdes aan te wys.

Die trustees kon ná verskeie pogings nie die getekende, gewysigde akte opspoor of vasstel of die nuwe magtigingsbrief uitgereik is nie. Alle pogings om vas te stel wat van die dokumente geword het, was onsuksesvol.

Die dilemma is dat die kind wat ten tye van die indien van die gewysigde akte as trustee benoem is, nou daarop aanspraak maak dat hy of sy as trustee sekere besluite mag neem, waaronder die byvoeging van afstammelinge as begunstigdes. Dit is natuurlik onmoontlik, aangesien 'n trustee slegs só mag optree as 'n magtigingsbrief deur die meester uitgereik is.

Die afstammelinge van ander begunstigdes, waarvan party ook intussen oorlede is, maak nou ingevolge die gewysigde akte daarop aanspraak om voordele te ontvang. Dit sou moontlik gewees het as die gewysigde akte opgespoor kon word.

## WATTER DOKUMENT IS GELDIG?

Die vraag ontstaan dadelik: Watter akte is dan geldig en wie mag daardie trustbates bestuur en die akte wysig? Aangesien 'n trustakte 'n kontrak tussen partye is, is 'n wysigingsdokument geldig, mits dit aan die basiese kontrakteregvereistes voldoen, met ander woorde:

- Het die gemagtigde partye die ondertekening gedoen?
- Het hulle opgetree binne die magte wat die oorspronklike akte aan hulle verleen het?
- Is die formele vereistes nagekom?

As bogemelde die geval is, kan 'n mens aanvaar dat die gewysigde akte wel die nuutste weergawe van die akte is, maar sodanige ooreenkoms of kontrak moet verkieslik op skrif gestel word. Laasgenoemde is gedoen, maar niemand kry die getekende dokument om die wysiging te staaf nie.

Buiten as 'n toepaslike hof anders beslis, is die algemene mening van kundiges dat die oorspronklike akte steeds die enigste kontrak tussen die partye is en dat dit bitter moeilik gaan wees om tot 'n ander slotsom te kom.

Wat nou van die persone wat in die oorledene se testament benoem is as begunstigdes as die bestaande (ou) akte aanvaar word as die korrekte een? Dan sou hierdie benoeming nie gestaan het nie, want die ou akte bepaal dat die oprigter slegs "in lewe" nuwe begunstigdes kan benoem.

In die meeste aktes wat ons al onder oë gehad het, is daar 'n klousule wat bepaal hoe meningsverskille of 'n staking van stemme hanteer moet word. Gewoonlik is arbitrasie die proses wat gevolg word.

Hier het ons nou te doen met trustees en veral begunstigdes wat mekaar se oë wil uitkrap en waar kundiges hulle aangeraai het om hofgedinge aan die gang te sit. Dít terwyl die arbitrasieklousule juis voorsiening maak vir sulke gevalle.

## LESSE TE LEER

Die lesse wat 'n mens hieruit kan leer, is die volgende:

- Stel alles op skrif en bewaar alle dokumente soos goud.
- Aanvaar dat 'n kontrak (trustakte) slegs so suksesvol kan wees soos die bedoelings van die partye.
- Maak seker dat die trustees van "jou" trust mense is wat rasioneel en onafhanklik kan optree en sodoende hul fidusiêre pligte kan nakom.
- Maak seker dat 'n volledige arbitrasieklousule by elke trustakte ingesluit word.
- Maak seker dat die testament van gemagtigde persone wel prerogatiewe uitoefen, veral ten opsigte van die aanstelling van trustees.
- Oorweeg dit om meer as die minimum getal trustees aan te wys. Nog beter: Maak gebruik van 'n instelling wat verteenwoordig word deur 'n natuurlike persoon, wat beteken as daardie verteenwoordiger in gebreke bly om op te tree, die instelling 'n plaasvervanger kan benoem.

Trustpraktisyns kom ál meer onder die indruk dat die inhoud van dokumente uiters belangrik is, maar nog meer die optrede van die partye. Waar daar hoëwaarde-bates betrokke is, is mense se emosies altyd geneig om oor te hel na die kant wat hulle of hul gesin bevoordeel. **LBW**

*Mnr. Johan Brandt is 'n lid van Fisa en 'n regs-en-sakekonsultant verbonde aan Allegiance Consulting (Edms.) Bpk.*

NAVRAE: E-pos: **info@allegiance.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.